

**Woensdag 8 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:9-17**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:16 (1933/53-vertaling)**

**Die Heilige Gees woon in die gemeente – begryp en bewaar die kosbaarheid daarvan!**

Is 'n gemeente nie net 'n menslike instelling waaraan gelowiges tradisioneel behoort ter wille van hulle behoeftes nie?

1 Korintiërs 3:16 antwoord hierop met die volgende woorde: “Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?” Duidelik – julle is tempel van God en die Gees van God woon in julle. Dit gaan dus nie daaroor of gelowiges “gemeente” wil wees of dit nodig ag om dit te wees nie (inleidingsvraag), maar oor God wat van sy kant bepaal en verklaar: Julle gemeente (Korinte en elke ander gemeente) is tempel van God en die Gees van God woon in julle.

Wat beteken dit? Die woord “tempel” gee die antwoord. Oorspronklik dui die woorde vir heidene en Jode op “god/God se fisies wees op 'n spesifieke plek” – vir heidene in 'n afgodsbeeld, vir Jode in die Allerheiligste van die tempel met die verbondsark. Paulus leer dat God se teenwoordigheid in die Nuwe-Testamentiese tyd nie in 'n “afgodsbeeld” (heidene) of “simbool” (Jode) is nie, maar in die gemeente as lewende entiteit. Die gemeente as sulks is sy tempel, deurdat Hy deur sy Gees in hierdie entiteit teenwoordig is.

'n Gemeente is dus die “afgesonderde plek” (betekenis van “heilig” in vs 17) waar dit God behaag om fisies teenwoordig te wees, nie vanweë die gemeente se eie geskiktheid of heiligheid nie, maar kragtens God se beskikking, welbehag, verkiesing, regverdigmaking en heiliging in Christus Jesus die Here.

In die woorde van Jeremia 7:9 hoor ons ook die kosbaarheid “die tempel van God, die tempel van God, die tempel van God is julle”.

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936)*

*Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol)*